STATUTÊRE OPENBAARMAKING EN BEKENDSTELLING DEUR JOHANN MEYER FINANSIËLE ADVISEURS BK

'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer (FDV)

Johann Meyer
Financial Advisor
Finansiële Adviseur

H/A - T/A Johann Meyer Finansiële Adviseurs BK 96/55060/23

P.O. Box/Posbus 53254, Wierda Park 0149
E-mail/E-pos: jmfa@iafrica.com
Fax/Faks: (012) 653-6577
Tel: (012) 653-6577

Hierdie dokument dien ook as die Artikel 13 bevestiging van aanstelling en magtiging om as 'n Verteenwoordiger namens hierdie FDV te kan optree

Volle Naam van Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger
Johannes Bernardus Wessels Meyer

Volle Naam van Sleutelindividu
Johannes Bernardus Wessels Meyer

FSB Lisensienommer
10648

Entiteit se Registrasienommer
1996/055060/23

Lisensie-kategorieë en Finansiële Produkte van die FDV

	KATEGORIE I	Advies	Tussenganger dienste
1.1	Long-term Insurance subcategory A	☒	☒
1.2	Short-term Insurance Personal Lines	☒	☒
1.3	Long-term Insurance subcategory B1	☒	☒
1.4	Long-term Insurance subcategory C	☒	☒
1.5	Retail Pension Benefits	☒	☒
1.6	Short-term Insurance Commercial Lines	☒	☒
1.7	Pension Fund Benefits	☒	☒
1.14	Participatory interest in one or more collective investment schemes	☒	☒
1.16	Health Service Benefits	☒	☒
1.20	Long-term Insurance subcategory B2	☒	☒

Fit en Proper Vereistes: Johann Meyer

Die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger se datum van aanstelling by die FDV is:
30/09/2004

Die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger het ervaring in die lewering van advies-en tussengangerdienste in die finansiële dienste industrie sedert:
1984

Die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger voldoen aan die fit en proper vereistes rondom persoonlike karaktereienskappe van eerlikheid en integriteit
JA

Die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger voldoen aan die fit en proper vereistes rondom ervaring per finansiële produk, voltooiing van die toepaslike regulatoriese eksamen en 'n goedgekeurde kwalifikasie
JA

Lisensie-kategorieë en Finansiële Produkte van die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger: Johann Meyer

	KATEGORIE I	Advies	Tussenganger dienste	Dienste onder toesig
1.1	Long-term Insurance subcategory A	☒	☒	☐
1.2	Short-term Insurance Personal Lines	☒	☒	☐
1.3	Long-term Insurance subcategory B1	☒	☒	☐
1.4	Long-term Insurance subcategory C	☒	☒	☐
1.5	Retail Pension Benefits	☒	☒	☐
1.6	Short-term Insurance Commercial Lines	☒	☒	☐
1.7	Pension Fund Benefits	☒	☒	☐
1.14	Participatory interest in one or more collective investment schemes	☒	☒	☐
1.16	Health Service Benefits	☒	☒	☐
1.20	Long-term Insurance subcategory B2	☒	☒	☐

Kontraktuele ooreenkoms met Produkverskaffers / Maatskappye

Geen produkverskaffer of beleggingsmaatskappy hou enige aandele in die FDV of is die FDV geassosieer met enige sodanige instansie nie.
Die FDV is gekontrakteer met en kan die produkte van die volgende instansies bemark:

Sanlam	Discovery Life	Old Mutual Life
Hollard	Discovery Health	PPS
Investec	Liberty Life	Stanlib

Kopiereg voorbehou

Vergoeding

Die FDV en Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger word vergoed deur middel van kommissie en fooie betaalbaar deur produkverskaffers en maatskappye waarvan die besonderhede op die kwotasie verskaf aan die kliënt, uiteengesit word.
Die FDV het het meer as 30% van sy vergoeding vir die afgelope 12 maande van die volgende produkverskaffer(s)/maatskappye ontvang:

Sanlam

Die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger het meer as 30% van sy/haar vergoeding vir die afgelope 12 maande van die volgende produkverskaffer(s)/maatskappye ontvang:

Sanlam

Konflik van Belange

In die geval van 'n moontlike konflik van belange in enige advies aan kliënte, sal die belange van die kliënt eerste geplaas word. In gevalle waar eienaarsbelange bestaan of finansiële belange ontvang word, sal dit so geopenbaar word aan die kliënt in die Register van Konflik van Belange, wat op aanvraag beskikbaar is.

Professionele Vrywaringsdekking

Die FDV hou versekering by:

PI Financial Risk Services

Lewering van Finansiële Dienste

Die FDV waarborg dat enige Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger wat aan 'n kliënt finansiële dienste (advies –en/of tussengangerdienste) lewer, voldoen aan:

- Die Fit en Proper vereistes soos in terme van die Wet op Finansiële Advies en Tussengangerdienste sover dit betrekking het op persoonlike karaktereienskappe van eerlikheid en integriteit, bevoegdheid rondom ervaring, kwalifikasie en kennis soos getoets deur middel van regulatoriese eksamens sowel as toepaslike deurlopende porfessionele opleiding, tensy dit andersins aangedui word dat die persoon dienste onder toesig verrig vir finalisering van enige van die bevoegdheidsvereistes; en
- Beskik oor die nodige operasionele vermoë, prosesse en prosedures ten einde finansiële dienste te verrig.

Sonder beperking van en onderworpe aan die ander bepalings van die diensooreenkoms, aanvaar die FDV verantwoordelikheid vir die wettige optrede van die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger in die lewering van finansiële dienste binne die verloop en omvang van indiensneming.

Ontleding

Die Finansiële Adviseur / Verteenwoordiger moet toesien dat waar advies gegee word, die kliënt se behoeftes ontleed word. Die finansiële advies gegee word gebaseer op die inligting verskaf deur die kliënt en sal die FDV nie verantwoordelik wees vir finansiële advies gegee op grond van verkeerde, onakkurate of onvolledige inligting voorsien deur die kliënt nie.

Regverdige Behandeling van Kliënte (Treating Customers Fairly) (TCF)

TCF is 'n stel beginsels bekendgestel deur die Financial Services Board (FSB) ten einde bestaande finansiële dienste regulasies te ondersteun en onderlê. Die FDV begryp die waarde van sy verhouding met sy kliënte en erken dat sonder enige kliënte daar nie 'n besigheid sou wees nie. Die TCF-beginsels is vasgelê in die kultuur van die FDV en dit streef voortdurend om die kwaliteit van sy diens aan kliënte te verbeter en ook deur die interaksie met gekontrakteerde produkverskaffers.
Die TCF-beginsels is die volgende:

1. Kliënte/verbruikers kan vertrou dat hulle te doen het met 'n diensverskaffer waar die regverdige behandeling van kliënte sentraal is tot die besigheidskultuur.
2. Produkte en dienste bemark en verkoop in die kleinhandelmark, ontwerp is om aan die behoeftes van geïdentifiseerde verbruikersgroepe te voldoen en sodanig geteiken word.
3. Kliënte voorsien word van duidelike inligting en toepaslik ingelig gehou word voor, gedurende en na die punt van verkoop.
4. Waar kliënte advies ontvang, dat die advies gepas is en hulle omstandighede in ag neem.
5. Kliënte/verbruikers ontvang produkte wat na verwagting presteer soos die maatskappy of diensverskaffer aanleiding gegee het en so ook die verwante diens wat op 'n aanvaarbare vlak en na verwagting is.
6. Kliënte/verbruikers om nie onredelike na-verkope hindernisse opgelê deur die maatskappy of diensverskaffer in die gesig te staar om produk of verskaffer te verander, 'n eis in te dien of klagte te lê nie.

Vertroulikheid en die beskerming van persoonlike inligting

Alle inligting ontvang van en oor kliënte sal as vertroulik hanteer word deur die FDV en alle personeel. Sodanige inligting sal egter slegs bekend gemaak word indien die FDV skriftelike magtiging daartoe ontvang of deur die wet verplig word om sodanige inligting bekend te maak.
Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (BVPI) vereis van ons om u in te lig hoe ons persoonlike inligting gebruik en openbaar wat ons by u bekom. Ons is daartoe verbind om u privaatheid te beskerm en sal seker maak dat u persoonlike inligting gepas, deursigtig en volgens toepaslike wetgewing gebruik word.

Soort inligting wat ons insamel:

Ons bekom en verwerk u persoonlike inligting hoofsaaklik om u toegang te verleen tot die dienste en produkte van die verskaffers met wie ons kontraktuele ooreenkomste in plek het en om ons te help om ons dienste aan u te verbeter. Die soort inligting wat ons insamel sal afhang van die behoefte waarvoor dit ingesamel word en sal verwerk word slegs vir daardie spesifieke doel. Waar moontlik sal ons u inlig welke inligting ons van u vereis en welke inligting opsioneel is. Met u toestemming mag ons ook die inligting wat u aan ons verskaf aanvul met inligting wat ons van ander verskaffers ontvang ten einde 'n meer konstante en verpersoonlikte ervaring te bied in u interaksie met ons. Wanneer u verkies om aanbiedinge van ons gekontrakteerde verskaffers op te neem mag hulle ook addisionele inligting van u verlang, en hulle sal onderworpe wees aan dieselfde privaatheid regulasies as waaraan ons onderworpe is.

Hoe ons u inligting gebruik:

Ons sal u persoonlike inligting slegs gebruik vir die doel waarvoor dit ingesamel is en met u ooreengekom is. Dit mag insluit:

- Verskaffing van produkte en dienste aan u en om die transaksies uit te voer wat u versoek het;
- Vir onderskrywingsdoeleindes;
- Assessering en verwerking van eise;
- Uitvoering van krediet verwysing ondersoeke of verifikasies;
- Bevestiging en verifiëring van u identiteit;
- Vir krediet bepaling en krediet bestuur;
- Vir die doel van eisegeskiedenis;
- Vir die nasporing en voorkoming van bedrog, misdaad, geldwassery of ander wanoptrede;
- Uitvoering van mark of kliënte tevredenheid navorsing;
- Vir oudit en rekordhouding doeleindes;
- Ten opsigte van regsprosesse;
- Verskaffing van ons dienste aan u, uitvoering van die dienste wat u versoek het en om ons verhouding met u in stand te hou en voortdurend te verbeter;
- Voorsiening aan u van kommunikasies ten opsigte van die FDV en regulatoriese sake wat u mag affekteer;
- Ten opsigte van, en om te voldoen aan geregtelike en regulatoriese vereistes of waar dit andersins deur wetgewing toegelaat word.

Openbaarmaking van u inligting:

Ons mag u persoonlike inligting openbaar aan ons verskaffers wie se dienste of produkte u verkies om te gebruik. Ons het ooreenkomste in plek om te verseker dat hulle voldoen aan ons privaatheid terme en voorwaardes. Ons mag ook u persoonlike inligting deel met, en inligting oor u bekom vanaf derde partye, vir die doeleindes soos hierbo gelys. Ons mag ook u inligting openbaar waar ons 'n plig of reg het om dit te openbaar in terme van toepaslike wetgewing, die reg of waar dit nodig mag wees om ons regte te beskerm.

Beskerming van u inligting:

Kopiereg voorbehou

Die Wet op BVPI vereis van ons om die persoonlike inligting wat ons hou voldoende te beskerm en om ongemagtigde toegang en gebruik van u persoonlike inligting te vermy. Ons sal voortdurend ons sekuriteit kontroles en prosesse hersien om te verseker dat u persoonlike inligting beskerm is. Indien dit nodig is om u persoonlike inligting na 'n ander land oor te plaas vir verwerking of storing sal ons verseker dat die party na wie ons u persoonlike inligting oorplaas u inligting met dieselfde vlak van beskerming hanteer as van ons vereis.

U reg tot toegang en regstelling van u persoonlike inligting:

U het die reg van toegang tot die persoonlike inligting wat ons oor u hou. U het ook die reg om ons te versoek om u persoonlike inligting op te dateer, reg te stel of uit te wis. Ons sal alle redelike stappe neem om u identiteit te bevestig voor verskaffing van besonderhede van u persoonlike inligting of die aanbring van veranderinge aan u persoonlike inligting.

U kan ons kontak by die nommers of adresse hierin gelys en die inligting versoek wat u verlang.

Veranderinge aan hierdie Kennisgewing:

Neem asseblief kennis dat ons hierdie kennisgewing van tyd tot tyd mag verander. Besoek asseblief ons webtuiste periodiek om uself te vergewis van enige veranderinge. In geval dat ons nie 'n webtuiste het nie sal ons u in kennis stel van materiële veranderinge tot hierdie kennisgewing.

Finansiële Intelligensiesentrumwet

Die FDV is geregistreer as rekenpligtige instansie by die Finansiele Intelligensiesentrum en is daarom verplig om rekord te hou van en kliënte se inligting te verifieer op die manier soos voorgeskryf deur FIS.

Die FDV is ook verplig om enige ongewone of suspisieuse finansiële aktiwiteite te rapporteer, waar verplig deur FIS.

Eksterne Uitgekontrakteerde Nakomingsbeampte

Erika Botha van Infinitus Risk Management Service (Edms) Bpk
Praktykregistrasienommer: 6172 / 6399
erika@infinitus.co.za / sel 082 413 8579

Klagtes

Enige navrae en klagtes moet gerig word aan die Sleutelindividu soos per die kontakbesonderhede verskaf.

'n Afskrif van die FDV se klagtebeleid is beskikbaar op aanvraag.

Indien 'n klagte nie tot 'n kliënt se tevredenheid opgelos word nie, kan dit na die kantore van die relevante Ombud verwys word, soos per die kontakbesonderhede hiermee saam vervat.

Kontakbesonderhede van Ombud vir FATD

Sussex Kantoorgebou, Grondvloer, Blok B, H/v Lynnwoodweg & Sussexlaan, Lynnwood, Pretoria. Tel: 012 470 9080
Faks: 012 348 3447
Epos: info@faisombud.co.za Webtuiste: www.faisombud.co.za

Kontakbesonderhede van Ombud vir Langtermynversekering

Sunclare Kantoorgebou, Dreyerstraat 20, Claremont, Kaapstad.
Tel 021 657 5000 Faks 021 674 0951
Epos: info@ombud.co.za Webtuiste: www.ombud.co.za

Kontakbesonderhede van Raad op Mediese Skemas

Blok A, Echo Glades 2 Kantoorgebou, Witch-Hazellaan 420, Eco Park, Centurion.
Tel 012 431 0500 Faks 012 430 7644
Epos: information@medicalschemes.com
Webtuiste: www.medicalschemes.com

Kontakbesonderhede van Raad op Finansiële Dienste

River Walk Kantoorgebou, Gebou B, Matroosbergweg 41, Garsfontein, Pretoria.
Tel 012 428 8000 Faks 012 346 6941
Epos: info@fsb.co.za Webtuiste: www.fsb.co.za

FIA Etiese Kode

Die FIA vereis van sy lede;

- *om hul besigheid ter goeder trou en met integriteit te bedryf;*
- *om die vertroulikheid van alle inligting wat aan die lid oorgedra word of andersinds bekom word, te eerbiedig;*
- *om, in die geval van besigheid wat die oorweging of aanvaarding van enige risiko deur 'n onderskrywer behels, die wesenlike inligting van die kliënt te bekom en akkuraat aan die onderskrywer oor te dra;*
- *om kliënte slegs te adviseer aangaande sake of produkte waaroor die lid ingelig en kundig is;*
- *om nooit op te tree op enige wyse wat die aansien van die FIA of sy lede kan benadeel nie;*
- *om hierdie kode, die Grondwet van die FIA en enige ander relevante wetsbepalings te gehoorsaam.*

TER BEVESTIGING EN AANVAARDING VAN BOGENOEMDE

_____	_____
SLEUTELINDIVIDU: JBW Meyer	**KLIËNT:**
_____	
FINANSIËLE ADVISEUR / VERTEENWOORDIGER: JBW Meyer	
DATUM:	

Kopiereg voorbehou